# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

6 | 2026
27|02| 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Do. 26- Sat. 28 Feb: Atletiek Boland Kampioenskappe (Paarl)
Vry. 27 Feb: Rugby Gesinsaand (fondsinsameling)
Sat. 28 Feb: Krieket: o.19A-span vs HS De Villiers Graaff (weg)
Wo. 4 Mrt: Rugby: o.19A- en o.16A-wedstryde (HS Strand-toernooi)
Vry. 6 Mrt: Toetsreeks begin
Sat., 7 Mrt: Rugby: o.19A-wedstryd bv Outeniqua fees
Hokkie: SPAR-toernooi vir Dogters o.16-span
Skaak: Overberg-proewe Rondte 2
So., 8 Mrt: Hokkie: SPAR-toernooi vir Dogters o.19-span

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Sa. 7 Mrt: Augusta Moos (Heldersig Koshuis)

## VRL 2026

Dis voorwaar besonders dat drie gr 8-manne gekies is om hul klasmaats by die 2026-VRL te verteenwoordig. Ons is trots op Christiaan Bester (links), Jack Wessels (middel) en AJ Naudé (regs). Mag jul leierskap van krag tot krag gaan!



**KWARTAALTEMA**
Wees 'n leier

## ALGEMENE NUUS



Mnr Bradley Umaats van De Heide Primêre Skool en mnr Thys Kriel







VLNR: Mnre Johan Vermeulen en Alex Liebenberg van Laerskool Bredasdorp, mnr Thys Kriel

Mnr Thys Kriel, borge-koördineerder van HSB het namens Hoërskool Bredasdorp rugbyballe aan De Heide Primêre Skool en Laerskool Bredasdorp oorhandig om hul sterkte toe te wens vir die seisoen.

## BAKSTEENPROJEK VORDER



Vandeesweek het die hare behoorlik gewaai (én die poppe gedans!) toe vier manspersoneellede deur die BD's uitgedaag is om hulle hare te laat afskeer. Die opgewondenheid tydens die saalbyeenkoms was groot en die baksteenkoorsverkope het behoorlik hoog geloop toe mnre Sebastiaan Nieuwoudt (agter links), Pierre-Etienne Rossouw, mnr Müller Retief (voor links) en Christopher van Niekerk die leerder-kopers se uitdaging aanvaar het. Hulle het ware BD-gees gewys en op dié 'n groot bedrag bygedra tot die sukses van die baksteenprojek.
Ons doen 'n beroep op alle ouers en BD's om asseblief hierdie projek te ondersteun. Ons benodig nog heelwat fondse om die droom van 'n onderdaksportsentrum te bewaarheid.

SPORT

## TWEEKAMP



**TWEEKAMP**
Baie geluk aan die HSB-tweekampatlete met hul uitstekende prestasie en 'n **algehele derde plek** by die Boland Kampioenskappe!
Ons is ongelooflik trots op elke atleet se harde werk, deursettingsvermoë en spangees. Julle het die skool se naam hoog gehou en is 'n trotse voorbeeld van wat met toewyding en spanwerk bereik kan word.

VLNR: Mnr Johannes Adendorf, Dirk Neethling, Dirk Uys, Nika Terblanche, Mia Neethling, Anzea Coetzee, AJ Naudé, Christiaan Bester



**BOLAND TWEEKAMP-ATLETE**
Die BD's is baie trots op vlnr Dirk Uys, Dirk Neethling en AJ Naudé wat in die Boland Tweekampspan opgeneem is. Die span neem op 24 Maart, in Oudtshoorn, aan die SA Dinsdag, Tweekampkampioenskappe deel. Hierdie manne se deursettingsvermoë is vir baie BD's 'n voorbeeld.

KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

## NETBAL SKEIDSREGTERS



Op 21 Februarie 2026 het mee Baatjies en Bogenhagen saam met 'n paar BD's 'n netbal-skeidsregterskursus, aangebied deur Michelle van Zyl (NSA B+ Skeidsregter), in Swellendam bygewoon. Dit was 'n baie goeie leerskool wat nie net geniet is nie, maar waar goeie ervaring opgedoen is.
Foto: (van links na regs) Juf Baatjies, Juf Bogenhagen, Michelle van Zyl (NSA B+ Skeidsregter), Hope Marais en PJ October

## SKAAK

**OVERBERG SKAAKPROEWE, SWELLENDAM, 21 FEBRUARIE 2026**

12 BD's het aan rondte 1 deelgeneem. Die toppresteerders vir die dag was:

Michaely Arendse, Do.17: 1ste
Luke Valentine, So.17: 2de
Gabriel Jonathan, So.17: 4de
Javen Hanse, So.19: 3de

Baie geluk!



Voor vlnr: Michaely Arendse, Javen Hansen, Katryn Diedriks
Middel vlnr: Aaron Moyo, Christiaan Liebenberg, Gabriel Jonathan, Clark Stanley, Joagan Olivier, Luciano Vigaro
Agter vlnr: Xiané Collins, Luke Valentine, Bradley Zindonda

**SKAAK 2de RONDTE**

Tien BD-skaakspelers is deur na die 2de rondte van die Overberg Skaakproewe. Baie geluk!

o.19S – Javen Hansen
o.17S – Luke Valentine
Gabriel Jonathan
Luciano Vigaro
Christiaan Liebenberg
Joagen Olivier
Bradley Zindonda
o.17D– Michaély Arendse
o.15S– Aaron Moyo
o.15D – Katryn Diedriks

Die 2de rondte vind op 7 Maart, in Hermanus plaas.

## TENNIS

### T4J TENNIS TOURNAMENT

On 20 and 21 February 14 schools participated in the **Overberg Wealth and Risk Management** T4J Doubles Tournament. Congratulations to Parel Vallei High School (Parel Vallei), who won the tournament. Bredasdorp High School placed 4th in the Chris Botha section of the tournament.

BHS would like to extend a heartfelt thanks to **Elim Butchery** (Elim Slaghuis/ Butchery ) who gave the coaches a gift package**.**




Agter vlnr: Daniël Fourie, Christiaan Scholtz, mnr JP Terblanche (afrigter), Conrad Botma, Stefan Lochner, Ronwill Siegelaar
Voor vlnr: Anna Truter, Nina Terblanche, Melissa Saayman, Lisa Bredell, Kirsten van Coppenhagen

TERM THEME
Be a leader



**FONDSINSAMELING: BLIKSKUD**

Die o.19-rugbyspan het op 20 Februarie, vanaf 15:00 tot 17:30, by Soetmuisberg se vierrigtingstop, die verbygangers vermaak met danspassies en lynstane terwyl hulle hul blikke geskud het om fondse vir hul beplande Oakdale Rugbytoer, in te samel.
Baie dankie aan elke persoon wat 'n bydrae gemaak het. Die o.19-span is baie dankbaar en waardeer u omgee vir HSB-rugby




Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

HSB
CODE OF CONDUCT
GEDRAGSKODE
Also available on d6+










RENT TO BUY CARS
bp KWIK 'n GO TYRE & FITMENT CENTRE
Kwik Delite
NETCOM FIBER · WIRELESS · VOIP POWERED BY OCTOTEL
santam dis nou vrvheid
BILTONGLAND BREDASDORP
THEUNS DE BRUIN KLINIESE SIELKUNDIGE
OJ PLANT HIRE
ELIM slaghuis butchery
ikamva
Intshiba SA CERAMIC & COFFEE SHOP
NOTHNAGEL CONSULTING ENGINEERS
POSTNET
Gavin's Trattoria
Langezandt Properties
JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST
OVERBERG PRE-OWNED
Voermol
HEUNINGBERG MEDICAL 028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
DK REFRIGERATION & AIRCONS
moov ENERGY
SPUR
NATION MUSHROOMS
TwinD Tours
ANTOINETTE
SRS
STAR SIGNS
packtown
OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
adelldesigns
JEB CONNECT
AGRIMARK
P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE
PAINTSMITHS
LBF PROKUREURS ATTORNEYS
Harcourts Cape Agulhas
KING CHICKEN MONEY WELL SPENT
ROLA TOYOTA
LMI SKALE / SCALES Bredasdorp Tel: 028 425 1463
InteliGro intelligent crop solutions
ROLA Ford
ASC LABORATORIES
AFRI POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413
OVERBERG SPECIALITY FOODS
bvsa
CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
OVERBERG SINCE 1918
Build it
Gemini Alu
SUPERSPAR BREDASDORP